# Die rol van forensiese maatskaplike werkers ten opsigte van seksuele misbruik van babas in die Boland

*FSH DE JONGH*

**2012**

# Die rol van forensiese maatskaplike werkers ten opsigte van seksuele misbruik van babas in die Boland

*FILICIA SHIRLEY HELEN DE JONGH*

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die vereistes

vir die graad

MAGISTER ARTIUM

(MAATSKAPLIKE WERK FORENSIESE PRAKTYK)

in die

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

aan die

NOORDWES-UNIVERSITEIT

(POTCHEFSTROOMKAMPUS)

Studieleier: Dr AA Roux
Mede Studieleier: Prof CC Wessels
Potchefstroom
November 2012

# DANKBETUIGINGS

Ek bedank graag diegene wat my gedurende die afgelope twee jaar geïnspireer en ondersteun het:

Dr Adrie Roux vir baie ekstra moeite, tyd, ondersteuning, leiding en kennis.

Prof Cornelia Wessels, vir haar bydrae en ondersteuning, en vir haar hulp ten einde ŉ beurs te bekom wat hierdie studie moontlik gemaak het.

Me Erika Viljoen en Helene van Niekerk vir die keuringe taalversorging en tegniese versorging.

My ma, Annie de Jongh, vir haar aanmoediging en liefde.

Die ondersteuning en aanmoediging van Gary en my kollegas Geraldine, Maria en Abigail wat hierdie reis saam met my aangepak het.

*Aan God, my Vader en Skuiling, vir Sy liefde en alomteenwoordigheid*

# INHOUDSOPGAWE


**OPSOMMING** .... V

**ABSTRACT** .... VII

**VOORWOORD** .... VII

**VOORSKRIFTE AAN OUTEURS** .... VIII

**VERKLARING** .... IX

**DIE ROL VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERKERS TEN OPSIGTE VAN SEKSUELE MISBRUIK VAN BABAS IN DIE BOLAND** .... 1

**1 OPSOMMING** .... 1

**2 PROBLEEMSTELLING** .... 1

**3 DOELSTELLING EN DOELWITTE** .... 6

3.1 Doelstelling .... 6

3.2 Doelwitte .... 6

**4 SENTRALE TEORETIESE STELLING** .... 6

**5 METODE VAN ONDERSOEK** .... 7

5.1 Literatuurontleding .... 7

5.2 Empiriese ondersoek .... 8

*5.2.1 Die navorsingsontwerp .... 8*

*5.2.2 Deelnemers .... 8*

*5.2.3 Meetinstrumente .... 9*

*5.2.4 Navorsingsprosedures .... 10*

*5.2.5 Etiese aspekte .... 11*

*5.2.6 Dataverwerking .... 11*

**6 BETEKENIS VAN DIE ONDERSOEK** .... 12

**7 BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK** .... 13

**8 BEGRIPSOMSKRYWINGS** .... 13

8.1 Baba .... 13

8.2 Forensiese maatskaplike werk .... 14

8.3 GKS-eenheid (Gesinsgeweld-, Kinderbeskermings- en Seksuele Misbruikeenheid) .... 16

8.4 Seksuele misbruik .... 16

**9 BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE ........ 17**
9.1 PROFIEL VAN RESPONDENTE ........ 17
*9.1.1 Posbeskrywings ........ 18*
*9.1.2 Werkservaring ........ 20*
9.2 SEKSUELE MISBRUIK VAN BABAS ........ 21
*9.2.1 Mening aangaande seksuele misbruik van 'n baba ........ 21*
*9.2.2 Beleid aangaande beweringe van seksuele misbruik van babas ........ 22*
*9.2.3 Die SAPD beleid ........ 22*
*9.2.4 Aantal gevalle van seksuele misbruik van babas hanteer ........ 25*
*9.2.5 Aard en uitkomste van die sake waar babas die slagoffers is ........ 26*
**10 DIE ROL VAN DIE FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERKER ........ 29**
10.1 BETROKKENHEID VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERK ........ 29
10.2 ROL/VAARDIGHEDE VAN DIE FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERKER IN TERME VAN DIE SEKSUELE MISBRUIK VAN BABAS ........ 32
*10.2.1 Forensiese maatskaplike werkers is "fact-finders" ........ 33*
*10.2.2 Die forensiese maatskaplike werker doen volledige agtergrondstudie ........ 33*
*10.2.3 Die forensiese maatskaplike werker kan 'n verwysingsrol vertolk ........ 35*
*10.2.4 Die forensiese maatskaplike werker speel 'n rol waar die slagoffer verbaal onbevoeg is ........ 35*
*10.2.5 Forensiese maatskaplike werkers moet gespesialiseerde opleiding ontvang ........ 36*
*10.2.6 Die forensiese maatskaplike werker tree as deskundige getuie in die hof op ........ 37*
*10.2.7 Forensiese maatskaplike werkers ondersoek kollaterale bronne ........ 38*
*10.2.8 Forensiese maatskaplike werkers voorsien indiepte verslae ........ 39*
*10.2.9 Forensiese maatskaplike werkers het 'n opvoedingsfunksie ........ 39*
**11 BESPREKING ........ 40**
**12 SAMEVATTING ........ 41**
**13 AANBEVELINGS ........ 41**
**14 BIBLIOGRAFIE ........ 43**
**BYLAE ........ 51**
**BYLAAG 1: SKRIFTELIKE TOESTEMMING VAN SAPD ........ 51**
**BYLAAG 2: SKRIFTELIKE TOESTEMMING VAN DIE DEELNEMERS ........ 54**
**BYLAAG 3: DIE ROL VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERKERS IN DIE ONDERSOEK VAN SEKSUELE MISBRUIK VAN BABAS IN DIE BOLAND ........ 56**

**LYS VAN TABELLE**

TABEL 1: WERKSERVARING VAN RESPONDENTE ..... 20

TABEL 2: OUDERDOM VAN SLAGOFFERS ..... 25

TABEL 3: BETROKKENHEID VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERKERSERS TYDENS SEKSULELE MISBRUIK VAN BABAS ..... 30

# OPSOMMING

## Titel: Die rol van forensiese maatskaplike werkers ten opsigte van seksuele misbruik van babas in die Boland

**SLEUTELTERME**: Baba, forensiese maatskaplike werker, Gesinsgeweld-, Kinderbeskermings- en Seksuele Oortredingseenheid (GKS-eenheid), rol, seksuele misbruik, Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD).

Maatskaplike werkers is al jare betrokke by die ondersoek van die misbruik en mishandeling van die kind, insluitend seksuele misbruik. Dit is veral die forensiese maatskaplike werker wat betrokke is by die ondersoek van bewerings van seksuele misbruik van kinders. Die forensiese maatskaplike werker word betrek wanneer ‘n kriminele saak by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) geregistreer word, waarna dit hierdie persoon se rol is om die SAPD en die regssisteem op ’n objektiewe manier behulpsaam te wees in die ondersoek van misdade teen kinders, wat insluit beweerde seksuele misbruik van babas.

Die **doel** van hierdie navorsing was om die rol van forensiese maatskaplike werkers in die ondersoek van die seksuele misbruik van babas in die Boland te bepaal. Daar is van die kwalitatiewe navorsingsprosedure gebruik gemaak en deur middel van indiepte onderhoude is data by drie staatsaanklaers en drie forensiese maatskaplike werkers van die SAPD in die Worcester, Ceres en Paarl areas bekom. Die resultate van die ondersoek word aan die hand van temas weergegee.

Dit is vanuit die bevindinge duidelik dat die suksesvolle vervolging en skuldigbevinding van oortreders van seksuele misbruik van babas baie beperk is as gevolg van die onvermoë van die baba om getuienis te lewer. Die kritieke rol van opgeleide forensiese maatskaplike werkers in die ondersoek van hierdie sake word deur hierdie navorsing sterk beklemtoon. Respondente het aangedui dat die forensiese maatskaplike werker se bydrae tot die deeglike ondersoek van kollaterale bronne en die interpretering daarvan van groot waarde is. As deskundige getuie kan die forensiese maatskaplike werker ’n baie prominente rol in die skuldigbevinding van oortreders van seksuele misbruik van babas speel.

# ABSTRACT


## TITLE: The role of the forensic social workers regarding sexual abuse of babies in the Boland

**KEY TERMS**: Baby, forensic social worker, Family Violence, Child Protection and Sexual Offences Unit (FCS-unit), role, sexual abuse, South-African Police Service (SAPS).

For years social workers have been involved in the investigation of child abuse cases, which includes the sexual abuse of children. The forensic social worker primarily engages with the investigation of child sexual abuse allegations and their involvement begins when a criminal case of alleged child sexual abuse is registered with the police. The core function of forensic social workers is to objectively assist the South African Police Service (SAPS) and the judicial system during the investigation of crimes against children, which includes cases of alleged sexual abuse of babies.

The **aim** of this study was to determine the role of the forensic social worker in cases of sexual abuse of babies in the Boland. A qualitative research procedure was followed and data was gathered through in-depth interviews with three state prosecutors working in regional courts in Worcester, Ceres and Paarl. In-depth interviews were also conducted with three SAPS forensic social workers in these areas. The results of the investigation were summarised according to certain themes.

The results of the study indicate that the successful prosecution and conviction of offenders of the sexual abuse of babies are limited, because a baby is unable to deliver testimony. The crucial role of the qualified forensic social worker in the investigation of these cases was highlighted in the study. The participants found the thorough investigation of collateral sources and the interpretation of information gathered by forensic social workers of great value. As an expert witness the forensic social worker can therefore play a prominent role in the conviction of offenders of sexual abuse of babies.

# VOORWOORD

Die artikelformaat is gekies ooreenkomstig Regulasie A.7.2.3 vir die graad MA (Maatskaplike Werk Forensiese Praktyk) soos vervat in die Jaarboek van die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. Die artikel sal vir plasing aan die vereistes soos gestel in die tydskrif Maatskaplike Werk/Social Work voldoen.

# VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Die vereistes van die tydskrif Social Work/Maatskaplike Werk (ISSN – 0037) is as basis gebruik om die artikels te formuleer. Die volgende voorskrifte aan outeurs:

Die tydskrif publiseer artikels, kort mededelings, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van die maatskaplike werk asook relevante bydraes uit ander dissiplines. Bydraes mag in Afrikaans of Engels geskryf word. Artikels in Afrikaans moet vergesel wees van 'n Engelse opsomming van ongeveer 200 woorde. Alle bydraes sal krities deur ten minste twee keurders beoordeel word. Beoordeling is streng vertroulik. Manuskripte sal na die outeurs terggestuur word indien ingrypende hersiening vereis word of indien die styl nie ooreenstem met die tydskrif se standaard nie. Kommentaar op artikels wat in die Tydskrif gepubliseer is, moet van toepaslike titels, die naam(name) en adres(se) van die outeur(s) voorsien wees en verkieslik nie langer as 15 bladsye wees nie. 'n Disket met die hele teks, verkieslik in MS Windows of ASCII moet die hele manuskrip en een duidelike kopie daarvan vergesel. Manuskripte moet slegs op een kant van die bladsy in dubbelspasiëring getik word. Verwysings moet volgens die Havard-stelsel geskied. Wanneer woordelike sitate, feite of argumente uit bronne gesiteer word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie, en bladsynommers tussen hakkies in die teks verskyn, bv. "…" (Berger, 1967:12). Meer besonderhede omtrent bronne moet alfabeties volgens die vane van die outeurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Biografie" verskyn.

# VERKLARING

Hiermee verklaar ek, FSH De Jongh, dat die skripsie getitel, “Die rol van forensiese maatskaplike werkers ten opsigte van seksuele misbruik van babas in die Boland”, my eie werk is.

...................................

F.S.H. de Jongh

# Die rol van forensiese maatskaplike werkers ten opsigte van seksuele misbruik van babas in die Boland

*De Jongh, F.S.H., Roux, A.A. & Wessels, C.C.*

**Sleutelterme:** Baba, forensiese maatskaplike werker, Gesinsgeweld-, Kinderbeskermings- en Seksuele Oortredingseenheid (GKS-eenheid), rol, seksuele misbruik, Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD).

## 1 OPSOMMING

Maatskaplike werkers is al jare betrokke by die ondersoek van beweringe van seksuele misbruik van kinders. Hierdie betrokkenheid van maatskaplike werkers is dus nie 'n nuwe konsep nie. Die forensiese maatskaplike werker wat werksaam is by die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) se Gesinsgeweld-, Kinderbeskerming- en Seksuele Oortredingseenheid (GKS-eenheid), se kernfunksie is die ondersoek van seksuele misbruik van kinders in die ouderdomsgroep 0-18 jaar.

Die forensiese maatskaplike werker moet oor uitgebreide kennis ten opsigte van kinderontwikkeling en gesinsdinamika beskik. As deel van die ondersoekeenheid moet die forensiese maatskaplike werker verder 'n objektiewe bydrae lewer tot die ondersoek na bewerings van seksuele misbruik van kinders, ook waar babas betrokke is.

Met hierdie navorsing is die doel om die rol van die forensiese maatskaplike werker te bestudeer in die ondersoek van bewerings van seksuele misbruik van babas in die GKS-eenhede in die Boland.

## 2 PROBLEEMSTELLING

Volgens Dunn (2011:155) is Suid-Afrika 'n land "that promotes democracy and a culture of human rights. Yet violence against women and children has unfortunately reached epidemic proportions". Fouché en Joubert (2003:12) meld dat die seksuele misbruik van kinders 'n bepaalde bron van bekommernis is, aangesien die gevalle

wat aangemeld word jaarliks toeneem. Verkragting van babas in Suid-Afrika het na Oktober 2001 baie aandag geniet met die wye mediadekking van die verkragting van Baba Tshepang in Upington (Bird & Spurr, 2007:36) asook die van “Baby P“ in Londen (Ferguson & Lavalette, 2009). Die Misdaadinformasie Beheersentrum van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) (SA, 2003) dui aan dat 22 1072 kinders onder die ouderdom van 17 jaar verkrag is gedurende 1998, terwyl statistieke van 2003 aantoon dat 15% van verkragtingslagoffers jonger as 12 jaar was. Volgens die jaarverslag van die SAPD (SA, 2007/2008) is daar 63 960 gevalle van misdade teen kinders gedurende hierdie tydperk aangemeld. In Suid-Afrika erken die SAPD verder dat verkragtings nie almal aangemeld word nie en in die geval van kinders dit gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat die oortreders familielede is (CIAC, 2002 soos aangehaal in NPA 2010 (SA, 2010:12).

Volgens Coetzer (2006:123-124) het slegs 8,9% van die gevalle in 2000 tot skuldigbevindings gelei. Die redes vir hierdie lae skuldigbevindingsyfer blyk volgens Collings (2007:15) die volgende te wees:

- die slagoffer en/of die familie trek die saak terug;
- die saak word nie by die Suid-Afrikaanse Polisiediens aangegee vir vervolging nie en
- die beweerde beskuldigde word nie deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens opgespoor nie.

Die ondersoeker het gedurende 2007 tot 2010 in haar gevallelading vier aanmeldings van beweerde seksuele oortredings, waar die slagoffers babas was, hanteer. Drie van die vier sake is teruggetrek omdat die inligting bekom nie voldoende was om verdere regsprosedures te regverdig nie. Richter (2003:392) sê in hierdie verband die volgende: “In South Africa, the rape of infants and toddlers occurs”*.* Marchetti-Mercer (2003:6) verwys na die toenemende gevalle van kinder- en baba-verkragtings en dat daar na Suid-Afrika as die wêreld se verkragtingsvoorloper verwys word. Suid-Afrika is volgens Richter (2003:393) ’n samelewing wat gekenmerk word deur ’n algemene gebrek aan die beskerming van jong kinders, soos blyk uit die jaarlikse toename in straatkinders,

kindermishandeling en die verwydering van kinders uit die sorg van ouers, om net enkele voorbeelde te noem.

Volgens Richter *et al*. (2004:52), word daar dikwels nie onderskeid getref tussen die verkragting van babas en die van kinders in ander ouderdomsgroepe nie. Hierdie standpunt word deur Ka'Nkosi (2001:15) gestaaf deur die volgende stelling: "One of the few areas of agreement is that baby rapes is a new phenomenon in South Africa and needs to be studied carefully before any conclusions can be drawn".

Daar word geskat dat 10% van alle verkragtings in Suid-Afrika gepleeg word teen kinders wat jonger as drie jaar oud is. Verkragting van die jong kind is dus nie 'n ongewone verskynsel nie (Richter, 2003:392). Pogings moet daarom aangewend word ter formulering van spesifieke riglyne vir die hantering van hierdie gevalle.

Verkragting word volgens die Wet op Seksuele Oortredings, 32/2007 (SA, 2007), omskryf as die seksuele penetrasie van die vagina, mond en anus deur die gebruikmaking van enige liggaamsdeel of objek/voorwerp. Die bepaling of seksuele penetrasie wel plaasgevind het, kan slegs gedoen word deur die mediese professie of deur die slagoffer self. Hoofstuk 3 van die Wet op Seksuele Oortredings, 32/2007 (SA, 2007) omvat alle tipe seksuele misdade wat teen kinders gepleeg kan word.

Die ondersoek en die suksesvolle vervolging van seksuele oortredings teen babas is 'n uitdaging, veral as gevolg van die kind se gebrekkige of afwesige verbale vermoëns. Dit is die taak van die forensiese maatskaplike werker om deur middel van assessering die nodige bewyse te vind dat die kind seksueel misbruik is (Fouché, 2006:213). Die doel van forensiese maatskaplike werkassessering is volgens Müller (2001:8) "to obtain a truthful account from the child in a manner which will best serve the interest of the child". Die Children's Act, 38 van 2005 (SA, 2005), beklemtoon dat daar altyd opgetree moet word in die belang van die kind, soos veral blyk uit Artikel 7. Hierdie artikel omskryf die standaarde wat gehandhaaf moet word tydens enige intervensies waar kinders betrokke is. Die vraag wat hieruit voortspruit is of die betrokkenheid van die forensiese maatskaplike werker in die ondersoek van beweringe van seksuele misbruik van babas in die belang van die baba is. Volgens Kuehnle en Connell (2009:69) is die sleutel tot akkurate assessering van beweringe van seksuele misbruik van kinders om toepaslike rolle

en rolgrense te vestig en te onderhou. Dit is dus essensieel dat die forensiese maatskaplike werker se rol ten opsigte van die ondersoek van seksuele misbruik van babas duidelik omskryf word. Daar bestaan egter 'n veronderstelling dat wanneer ‘n kind verbaal onbevoeg is, forensiese maatskaplike werkers nie betrokke moet wees in die ondersoek nie. Daar bestaan heelwat navorsing en literatuur rondom die betrokkenheid van die forensiese maatskaplike werker wanneer die kind drie jaar en ouer is. Weinig navorsing bestaan egter oor betrokkenheid van die forensiese maatskaplike werker wanneer kinders jonger as drie jaar is.

Louw en Louw (2007:92) omskryf die term baba/babajare as “Infancy lasts from the neonatal phase to the end of the second year of life”. Op tweejarige ouderdom kommunikeer die kind gebrekkig en basies. Volgens Louw en Louw (2007:107) het ’n tweejarige kind ’n woordeskat van gemiddeld 300 woorde. Tesame met die kind se kognitiewe onvolwassenheid is dit hoogs onwaarskynlik dat geloofwaardige inligting deur assessering van die kind alleenlik bekom sal word. Hewitt (1999:16) noem in hierdie verband dat babas en kleuters nie hul ondervindings kan verbaliseer nie, en daarom word die seksuele misbruik nie gerapporteer nie, met die uitsondering van die volgende omstandighede:

- 'n erkenning deur die oortreder;
- 'n ooggetuie van die seksuele misbruik;
- die teenwoordigheid van sperm;
- die teenwoordigheid van 'n seksueel oordraagbare siekte/mediese beserings.

Waar die kind in die pre-verbale stadium is, is die inligting van ander rolspelers soos geneeshere, polisie, ouers en familie ook nodig (SA, 1993:1). Babas is nie in staat om te verbaliseer wat presies gebeur het of waaraan hy of sy blootgestel is tydens die seksuele oortreding nie. Tydens die afwesigheid van deurslaggewende mediese bewyse soos dié van ’n ooggetuie en/of ’n verklaring van die kind, word die kriminele klag dikwels teruggetrek en geskied vervolging dus glad nie.

Die impak van seksuele misbruik op die kind en veral die baba is so traumaties dat daar nie lank gewag kan word om die ondersoek af te handel nie (Spies, 2006:44).

Volgens Louw (2001:5) is dit 'n welbekende feit dat kinders reeds op vroeë ouderdom kan onthou. Dit veronderstel dat die kind in die pre-verbale stadium kan onthou, en dat die trauma van seksuele misbruik op daardie ouderdom nie uitgesluit kan word nie. As gevolg hiervan moet die impak wat seksuele misbruik op die kind in die babajare mag hê, nie afgemaak word as onbelangrik nie. Krisisingryping is dikwels nodig waar die vermeende oortreder so spoedig as moontlik van die baba verwyder moet word. Dit is die maatskaplike werker se verantwoordelikheid om, indien die baba in gevaar is, die baba se veiligheid so spoedig moontlik te verseker (SA, 1993:1). Hierdie taak word hoofsaaklik deur maatskaplike werkers, werksaam by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling en Nie-Regeringsorganisasies, vervul.

Volgens Keuhnle (1995:32) het die maatskaplike werker in die ondersoek na beweringe van seksuele misbruik van kinders ten doel om ongekontamineerde inligting te vergader en om as 'n onafhanklike feitevinder op te tree. Die maatskaplike werker moet veronderstel dat daar verskeie hipoteses bestaan en dus moet die tegnieke wat die maatskaplike werker benut wetlik verdedigbaar wees.

Die SAPD forensiese maatskaplike werk model is geskoei op die Omvattende Model of die Kinder Seksuele Misbruik evaluasiemodel (SAPD Forensiese Maatskaplike Werk Handleiding) (SA, 2007:7).

Kernkomponente van die model sluit in:

- kinderonderhoude/-sessies;
- kollaterale onderhoude;
- ondersoek van sekondêre bronne (soos ander professionele verslae), bestudering van rekords deur byvoorbeeld polisie, maatskaplike dienste, vorige onderhoude;
- opsioneel: ouer-kind interaksies; onderhoud met beweerde oortreder.

Uit bogenoemde probleemstelling volg die volgende navorsingsvrae:

- Wat is die rol van die forensiese maatskaplike werker in die GKS-eenhede in die Boland in die ondersoek van beweerde seksuele misbruik van babas?

- Watter aanbevelings kan gemaak word vir forensiese maatskaplike werkers in die GKS-eenhede in die Boland in die ondersoek van beweringe van seksuele misbruik van babas?

# 3 DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die studie word aan die hand van die volgende doelstelling en doelwitte onderneem:

## 3.1 Doelstelling

Die doelstelling van die studie is om die rol van die forensiese maatskaplike werker in die GKS-eenheid in die ondersoek van seksuele misbruik van babas in die Boland na te vors.

## 3.2 Doelwitte

- Om die rol van die forensiese maatskaplike werker in die GKS-eenhede in die Boland ten opsigte van die ondersoek na die seksuele misbruik van babas te bepaal.

- Om aanbevelings te maak ten opsigte van die rol van die forensiese maatskaplike werker in die GKS-eenheid in die Boland ten opsigte van die suksesvolle afhandeling van ondersoeke rakende die seksuele misbruik van babas.

# 4 SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die forensiese maatskaplike werker in die GKS-eenhede van die Boland het ’n bydrae te lewer in die ondersoek van sake ten opsigte van die seksuele misbruik van babas.

# 5 METODE VAN ONDERSOEK

In hierdie ondersoek is daar van literatuurontleding en empiriese navorsing gebruik gemaak.

## 5.1 Literatuurontleding

Volgens Fouché en Delport (2005:123) is die doel van literatuurontleding om by te dra tot duideliker begrip van die aard en betekenis van die probleem wat geïdentifiseer is. Die bestudering van literatuur is volgens Mouton (2001:87): "a review of the existing scholarships or available body of knowledge, it helps the researcher to see how other scholars have investigated the research problem that he is interested in". Hierdie kandidaat het literatuur bestudeer rondom babaslagoffers van seksuele oortredings, asook die rol van die forensiese maatskaplike werker. Die volgende het aan die lig gekom:

- Gebrekkige literatuur bestaan oor die baba as slagoffer van seksuele oortredings, in vergelyking met die literatuur rondom kinderslagoffers van seksuele oortredings

- Na aanleiding van die verkragting van Baba Tshepang in 2001 het 'n groot aantal artikels oor baba-verkragtings in populêre tydskrifte en koerante in Suid-Afrika verskyn, maar baie min wetenskaplike artikels is gepubliseer

- Literatuur wat bestudeer is, fokus grotendeels op redes vir babaverkragtings, omstandighede rondom die verkragtings en op die oortreders van hierdie misdade. Die impak hiervan op die baba, sowel as die rol van die forensiese maatskaplike werker in die ondersoek van hierdie gevalle, ontbreek egter.

- Volgens die literatuur wat bestudeer is, bestaan daar algemene konsensus dat die fenomeen verdere studie en ondersoek vereis.

Die kandidaat het nie slegs Suid-Afrikaanse literatuur bestudeer nie, maar het ook gefokus op internasionale studies ten einde akkurate en omvattende inligting te bekom. Die volgende databasisse is geraadpleeg: ERIC, NEXUS, Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrif-artikels, Social Work Abstracts, Social Science Index, Psyclit en Dissertation Abstracts International en Google Scholar.

## 5.2 Empiriese ondersoek

Die benadering wat tydens die studie gevolg is, is ‘n kwalitatiewe benadering. Volgens Babbie en Mouton (2001:53) is die kwalitatiewe navorser meer besorg oor die beskrywing en verstaan as oor die verklaring of voorspelling van menslike gedrag. Volgens Fouché en Delport (2011:65) verwys die kwalitatiewe benadering na navorsing wat deelnemersverslae van betekenis, ervaring of bewuswording uitlok. Na aanleiding van die voorafgaande was 'n kwalitatiewe benadering dus meer gepas vir wat die kandidaat wou bereik deur hierdie studie. Genoemde eienskappe was ook die basis van hierdie studie deurdat die kandidaat die rol van forensiese maatskaplike werkers in die ondersoek van die seksuele misbruik van baba slagoffers wou navors. Die waarde van die forensiese maatskaplike werker se diens was ondersoek deur middel van ‘n indiepte studie, asook deur die voer van onderhoude (Greeff, 2005:286).

### 5.2.1 Die navorsingsontwerp

Die navorsingsontwerp is die “plan van ‘n navorsingsprojek waarvolgens data ingewin word om ‘n hipotese te ondersoek of die doel te verwesenlik” (Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk, 1995:37). Hierdie ondersoek is volgens die verkennende navorsingsontwerp uitgevoer, wat volgens Fouché en De Vos (2005:106), Mitchell en Jolley (2001:3) en Rubin en Babbie (2005:123-124) gebruik word wanneer daar min inligting oor ‘n onderwerp bestaan. Die doel van die verkennende navorsingsontwerp, volgens Babbie (2007:67), is om die onderwerp te verken en inligting en feite in te samel. Daar bestaan min navorsing rondom die rol van die forensiese maatskaplike werker in die ondersoek na die seksuele misbruik van die baba. Hierdie seining dat verdere ondersoek rondom die fenomeen nodig is, word deur Ka’Nkosi (2001:15) gesteun deurdat genoem word dat: “baby rapes is a new phenomenon in South Africa and needs to be studied carefully*”.*

### 5.2.2 Deelnemers

Die doelgerigte steekproeftrekkingmetode is gebruik, wat volgens Strydom (2005**a**:202) gebaseer is op die mening van die navorser. Volgens Creswell (2003:178) is doelgerigte steekproeftrekking die doelgerigte selektering van individue vir die studie. Die doel met die doelgerigte steekproeftrekking is dat die

respondente wat geselekteer word, ‘n bydrae moet lewer tot die bestudering van die navorsingsvraagstukke. Die ondersoeker het besluit op deelnemers wat beskik oor die elemente of karaktertrekke wat die populasie verteenwoordig.

Die ondersoeker is werksaam in ‘n GKS-eenheid van die Boland-area, wat drie streekshowe insluit, naamlik Worcester-streekshof, Ceres-streekshof en Paarl-streekshof. Hierdie streekshowe hanteer seksuele oortredings en dus ook seksuele oortredings teenoor babas. Drie staatsaanklaers wat werksaam is in genoemde area is geselekteer as verteenwoordigend van die regsisteem wat die primêre verwysingsagente is. Een staatsaanklaer wat werk met seksuele oortredings van kinders en babas is per streekshof geselekteer, met 'n totaal van drie staatsaanklaers. Een SAPD forensiese maatskaplike werker per streek is ook ingesluit, met 'n totaal van drie forensiese maatskaplike werkers met ervaring in die hantering van kinders en babas wat seksueel misbruik is.

Die kandidaat het eie oordeel gebruik in die selektering van die deelnemers deurdat hulle ervaring moes hê in die hantering en ondersoek van seksuele misbruik van babas (ouderdomsgroep jonger as drie jaar).

In totaal het die kandidaat dus ses deelnemers betrek met wie gestruktureerde onderhoude gevoer is. Die selektering van die deelnemers is gebaseer op die daaglikse kontak wat die deelnemers met gevalle van beweerde seksuele oortredings het. Die ondersoeker het veronderstel dat die deelnemers konstruktiewe bydraes kon lewer tot die ondersoek.

### 5.2.3 Meetinstrumente

Data is ingesamel deur die voer van indiepte onderhoude met die deelnemers. In hierdie verband sê Greeff (2005:287) die volgende: “Interviewing is the predominant mode of data or information collection in qualitative research”. Die fokus van die onderhoude met die deelnemers was om data te bekom rondom deelnemers se sienings en persepsie van die forensiese maatskaplike werker se rol in die ondersoek van die seksuele misbruik van babas.

‘n Semi-gestruktureerde een-tot-een onderhoudstegniek is geïmplementeer (**Bylaag 3**). Volgens Greeff (2005:296) kry die ondersoeker met die semi-gestruktureerde

onderhoud "a set of predetermined questions on an interview schedule, but the interview will be guided by the schedule rather than be dictated by it". Die respondente kon ook aspekte aanraak wat nie in die skedule ingesluit was nie.

Skriftelike toestemming is van die deelnemers bekom om die onderhoude op oudioband op te neem (**Bylaag 2**). Die implementering hiervan het verseker dat die ondersoeker kon fokus op die onderhoudproses en haar volle aandag aan die onderhoud kon gee. Smit *et al*. (Greeff, 2005:298) bevestig ook die voordele wat die gebruik van bandopnemers inhou: "a tape recorder allows a fuller record than notes taken during the interview". Data wat bekom is tydens die onderhoude is volgens temas geklassifiseer.

Die doel van hierdie kwalitatiewe ondersoek was om die mening van die deelnemers na te vors en om sodoende nuwe inligting te bekom oor die rol van forensiese maatskaplike werkers in ondersoeke rakende die seksuele misbruik van babas in die Boland. Greeff (2005:311) noem dat die doel van die analisering van data wat bekom word deur kwalitatiewe studies die identifisering is van neigings en patrone wat voorkom binne 'n enkele fokusgroep. Die temas soos geïdentifiseer in die studie is gebaseer op fokuspunte wat herhaaldelik tydens die onderhoudvoering deur die respondente opgehaal is.

### 5.2.4 Navorsingsprosedures

Die volgende prosedures is gevolg tydens die navorsing:

- Toestemming is bekom vanaf die Provinsiale Kommissaris van die Wes- Kaap (SAPD) (**Bylaag 1**).
- Skriftelike toestemming is van die deelnemers verkry om aan die ondersoek deel te neem (**Bylaag 2**).
- Die navorsing is gedoen binne die omgewing van GKS-eenhede in die Boland. Die tyd en plek vir die onderhoude is met die deelnemers gereël met inagname van die deelnemers se werksomstandighede.
- 'n Voorondersoek is onderneem om die navorser op hoogte te bring van die aard van seksuele misbruik van babas en die rol van die maatskaplike werker

(Strydom, 2003:48). Die skedule is getoets op twee maatskaplike werkers wat nie deel van die hoofondersoek was nie.

### 5.2.5 Etiese aspekte

Tydens die navorsing is aan die volgende etiese aspekte aandag gegee:

#### 5.2.5.1 Ingeligte toestemming

Akkurate en volledige inligting ten opsigte van die doel van die ondersoek, die prosedures wat tydens die ondersoek gevolg is, die moontlike voordele, nadele en gevare waaraan die deelnemers blootgestel kan word, is aan deelnemers verskaf (Strydom, 2005**b**:56). Hiervolgens kon deelnemers self besluit of hulle wil deelneem, al dan nie. Al ses deelnemers is ingelig en het ingestem om deelnemers van die studie te wees.

#### 5.2.5.2 Beginsels van vertroulikheid, privaatheid en anonimiteit

Tydens die ondersoek is daar deurgaans by die beginsels van vertroulikheid, privaatheid en anonimiteit gehou. Omdat inligting wat verkry is sensitief van aard is, is dit uiters vertroulik hanteer en geen identifiserende besonderhede op die skedules wat voltooi is, het verskyn nie (Neuman, 1997:453).

#### 5.2.5.3 Etiese goedkeuring

Die navorsing is aan die Etiese Komitee van die Noordwes-Universiteit voorgelê om te bepaal of die ondersoek aan die etiese beginsels voldoen, al dan nie. Die Komitee het die ondersoek goedgekeur. Die Etiese Nommer is: **NWU – 00027-09-S1.**

### 5.2.6 Dataverwerking

Data is hoofsaaklik kwalitatief ontleed volgens temas en sub-temas (De Vos, 2005:333-338; Creswell, 2003:153-155). Die data is deur die ondersoeker self ontleed onder die supervisie van dr. Roux en prof. Wessels. Die agt stappe van die model van Tesch se benadering (Poggenpoel,1998:343-344) is vir die insameling van kwalitatiewe data gebruik, wat die volgende insluit:

- ontleding van data;

- organisering van data;
- kodering van die notas gebaseer op waarnemings, onderhoude en dokumentasie-oorsigte;
- notering van opmerkings en waarnemings in die kantlyn;
- sortering/organisering van die materiaal en identifisering van ooreenstemmende frases, verhoudings tussen veranderlikes, patrone, temas en die onderskeiding van sub-temas en ooreenstemmende patrone, identifisering van verskille en ooreenstemmende patrone tussen sub- groepe;
- identifisering en beklemtoning van die patrone en prosesse, ooreenkomste en verskille;
- inisiëring van die proses van veralgemenings, die maak van afleidings en oorsigtelike samevattings;
- die ondersoek van die veralgemenings en samevattings op grond van die data, in die vorm van teorie-konstruksie.

# 6 BETEKENIS VAN DIE ONDERSOEK

Soos reeds genoem, is beskikbare navorsing rondom baba-slagoffers van seksuele misbruik min en gebrekkig. Hierdie studie stel dus nuwe inligting bekend, veral oor die rol van die forensiese maatskaplike werker binne die regsisteem, in die Suid-Afrikaanse konteks met betrekking tot veral die Boland. Deur die uitvoering van die studie is waardevolle inligting bekom oor die rol van die forensiese maatskaplike werker in ondersoeke van beweerde seksuele misbruik van babas in die Boland. Inligting is ook bekom oor die aard en die rol wat die regsisteem van die forensiese maatskaplike werkers vereis. Die bevindinge sal die tipe verwysings vir forensiese maatskaplike werk-intervensies beter omskryf, byvoorbeeld of beweringe van seksuele misbruik van babas deur die forensiese maatskaplike werker ondersoek moet word asook of die forensiese maatskaplike werker verslag aan die hof in sulke gevalle, moet lewer.

# 7 BEPERKINGS VAN DIE ONDERSOEK

- Die studie fokus op forensiese maatskaplike werkers binne die GKS (SAPD) in die Boland en die verwagtinge van aanklaers wat gebruik maak van die SAPD se forensiese maatskaplike werkers. ‘n Moontlike gebrek mag wees dat die resultate verkry net in genoemde konteks van nut kan wees.

- 'n Verdere moontlike beperking is dat resultate van die studie nie van toepassing op privaat forensiese maatskaplike werkers mag wees nie, aangesien forensiese maatskaplike werkers binne ’n spesifieke raamwerk binne die SAPD werk.

- Die ondersoeker moes verder ook vir 'n lang tydperk wag om toestemming van die SAPD te bekom ten einde die maatskaplike werkers in die diens van die organisasie te ondervra en om die studie uit te voer. Hierdie vertraging het sekere finansiële implikasies ingehou vir die ondersoeker en het die spoedige afhandeling van haar studie vertraag.

# 8 BEGRIPSOMSKRYWINGS

In hierdie navorsingsverslag word begrippe gebruik wat tot verskillende interpretasies aanleiding kan gee. Dit is dus nodig dat sekere begrippe binne die konteks van hierdie navorsing verduidelik word.

## 8.1 Baba

Volgens die meeste literatuur verwys die term “baba” na ŉ kind in die ouderdomsgroep van 0 tot die einde van een jaar. Volgens Piaget se kognitiewe ontwikkelingsmodel, soos beskryf in Müller en Holleley (2009:155-156), sluit die babajare die ouderdomme 0 tot 2 jaar in. Hierdie indeling word gemaak na aanleiding van die kind se kognitiewe vermoëns. Volgens Piaget is die kind in die sensoriese-motoriese stadium omdat sy/haar sintuie begin ontwikkel. Die kind begin taal en gewoontes ontwikkel en begin simbolies te kommunikeer. Op tweejarige ouderdom het die kind sekere, hoewel gebrekkige, verbale vermoëns.

Die kind tussen ouderdom twee en drie jaar vorm ook deel van hierdie studie omdat hierdie ouderdom dikwels oorgesien word. Om hierdie rede is Louw en Louw (2007:92) se definisie van ‘n baba vir die doeleindes van die studie gebruik wat die

term baba omskryf as die ouderdomsgroep wat strek vanaf die neonatale fase tot aan die einde van die tweede jaar. Die term “baba” in hierdie ondersoek verwys daarom na kinders vanaf geboorte tot jonger as drie jaar. Hierdie groep is geselekteer omdat daar gebrekkige inligting bestaan oor hierdie groep en oor die rol van die forensiese maatskaplike werker in gevalle waar babas die slagoffers van seksuele misbruik is.

## 8.2 Forensiese maatskaplike werk

Forensiese maatskaplike werk fokus volgens Barker en Branson (2000:1) op die “interface between society's legal and human systems and is characterized by the social worker's primary function of providing expert testimony in courts of law with the primary client being the judicial system”. Forensiese maatskaplike werk word ook beskryf as:

- nie-terapeuties;
- ingestel op seksuele, emosionele en of fisiese misbruik/mishandeling van kinders of volwassenes;
- gebaseer op wetenskaplike feitegebaseerde getuienis in howe waar wetlike tegnieke, protokol en hulpmiddels gebruik is (SA, Departement of Social Development, 2008:1)

Die assessering gedoen deur die forensiese maatskaplike werker hou verband met die psigososiale funksionering van die individu en het ten doel om die regssisteem te help om die aspek te verstaan. Volgens die “Staatsgazette 2008” praktiseer forensiese maatskaplike werkers in kriminele howe ten opsigte van kindermisbruik/ mishandelingsake sowel as in gevalle waar volwassenes misbruik/mishandel is. In die opsig tree die forensiese maatskaplike werker as deskundige getuie op.

Maatskaplike werkers word in SAPD aangestel met die spesifieke doel om forensiese maatskaplike werk te verrig. Hierdie maatskaplike werkers is geplaas in die GKS-eenhede met die hoofsaaklike doel om die ondersoekbeampte en die regssisteem te assisteer in die ondersoeke van misdade gepleeg teen kinders. Die

SAPD forensiese maatskaplike werk Handleiding omskryf die rol van die forensiese maatskaplike werker soos volg:

- om die kind te assesseer volgens gespesialiseerde kennis, vaardighede en tegnieke of metodes;
- om wetenskaplik-baseerde hofverslae te voorsien ten einde die regsproses te assisteer;
- om as ʼn deskundige getuie in hof op te tree;
- om met ander professies en organisasies saam te werk om ‘n multi-span benadering te verseker; en
- om die professie te ontwikkel deur die onderneming van navorsing en deelname aan ontwikkelingsessies.

Die rol van die forensiese maatskaplike werker tydens die hofproses en die forensiese maatskaplike werker se deskundigheid word deur verskeie skrywers aangedui. Volgens Roberts en Bronwell (1999:360) is die forensiese maatskaplike werker se fokus op wette en om die gereg in te lig aangaande maatskaplike aspekte. Stutterheim en Weyers (1999:11) verwys na die forensiese maatskaplike werker se primêre funksie om as ‘n deskundige getuie in die hof op te tree. Faller (2007:5) beveel verder aan dat die professionele persoon wat forensiese assessering doen, agtergrondsinligting moet vergader en 'n volledige ondersoek van moontlike hipoteses vir seksuele misbruike moet doen.

Forensiese maatskaplike werk is tans nog nie as ‘n spesialisveld geregistreer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepe nie (Scheepers, 2008:30). Volgens die voorlopige voorlegging vir die registrasie van forensiese maatskaplike werk as ‘n gespesialiseerde veld, moet forensiese maatskaplike werkers beskik oor nagraadse kwalifikasies.

Samevattend kan forensiese maatskaplike werk dus omskryf word as ‘n diens vir die hof wat behels gespesialiseerde kennis oor maatskaplike aspekte en die lewer van deskundige getuienis in die hof. Die aspekte soos uitgelig is inherent deel van die

take van forensiese maatskaplike werkers werksaam in die SAPD en word as sodanig as die definisie vir die studie aanvaar.

## 8.3 GKS-eenheid (Gesinsgeweld-, Kinderbeskermings- en Seksuele Misbruikeenheid)

Die GKS-eenheid is ‘n gespesialiseerde eenheid in die SAPD wat fokus op die ondersoek van alle misdade teen kinders, alle seksuele oortredings teen kinders en volwassenes en gesinsgeweldgevalle. Hierdie eenheid is ‘n uitvloeisel van die eertydse Kinderbeskermingseenheid en is in 2004 tot stand gebring. In 2008 is die eenheid dwarsdeur Suid-Afrika herstruktureer. Die ondersoekbeamptes werksaam in die GKS-eenheid ontvang opleiding in die hantering van genoemde tipe sake.

Volgens die SAPD Nasionale Instruksie 3 van 2008 (SA, 2008), moet die ondersoekbeamptes van die GKS-eenheid opleiding in die basiese speurkursus asook die GKS-opleiding, wat handel oor die spesifieke ondersoek van seksuele oortredings en misdade teen kinders, ontvang. Die kerndoelwitte van die GKS-eenhede is volgens die beleidsdokument die volgende:

- die effektiewe voorkoming van GKS-verbandhoudende misdade;
- die effektiewe ondersoek van GKS-verbandhoudende misdade; en
- die effektiewe dienslewering aan die slagoffers van gesinsgeweld, misdade teen kinders en seksuele oortredings (SA, 2011).

## 8.4 Seksuele misbruik

Seksuele misbruik omvat ‘n wye verskeidenheid handelinge. Tydens hierdie studie word daar gefokus op seksuele oortredings soos omskryf in die Wet op Seksuele Oortredings, 32/2007 (SA, 2007). Hoofstuk 3 van hierdie wet fokus op aspekte wat handel oor alle seksuele misdade teen kinders, naamlik:

- verkragting (seksuele penetrasie);
- seksuele aanranding (seksuele skending – nie-penetrasie);
- kinderpornografie;

- seksuele aanvoring;
- blootstelling van kinders aan pornografie en kinderpornografie;
- die blootstelling van kinders aan seksuele misdrywe;
- die blootstelling of die vertoon van geslagsorgane, anus of vroulike borste aan kinders.

Die Kinderwet, 38 van 2005 (SA, 2005) omskryf seksuele misbruik van die kind as seksuele molestering/aanranding van die kind en/of die toelating dat die kind seksueel molesteer of aangerand word. Die Children's Act, 38 van 2005 (SA, 2005) beskryf ook die volgende aktiwiteite wat as seksuele misbruik van kinders bestempel kan word:

- die aanmoediging, toelating of forsering om 'n kind vir seksuele bevrediging te gebruik;
- die gebruik van die kind of blootstelling van 'n kind aan seksuele aktiwiteite of pornografie; en
- kommersiële seksuele uitbuiting van die kind of die deelname of instaatstelling van die kind in kommersiële seksuele uitbuiting.

Strachan *et al*. (2003:253) ondersteun bogenoemde wanneer daarna verwys word dat seksuele misbruik 'n verskeidenheid aktiwiteite insluit. Die studie fokus dus nie net op verkragting nie, maar op die totale omskrywing van die seksuele misbruik van kinders.

# 9 BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSRESULTATE

## 9.1 PROFIEL VAN RESPONDENTE

'n Profiel van die deelnemers/respondente word voorts saamgestel ten einde 'n geheelbeeld te bekom van al die deelnemers.

### 9.1.1 Posbeskrywings

Drie van die deelnemers is staatsaanklaers en drie (50%) forensiese maatskaplike werkers. Al ses die respondente is werksaam in die Bolandareas: Ceres, Worcester en Paarl.

Op ‘n vraag na wat hul posbeskrywings behels, is die volgende antwoorde verkry:

#### 9.1.1.1 Staatsaanklaers

- Hulle is verantwoordelik vir publieke vervolgings, dus vervolging van misdadigers.
- Hulle hanteer gevorderde sake soos byvoorbeeld moord en verkragting.
- Hulle fokus op die voorlegging van sake voor die hof en voorsien leiding aan die ondersoekbeampte ten einde sake suksesvol te vervolg

Die beskrywings van respondente ten opsigte van hul poste stem ooreen met Müller en Hollely (2009:04) wat noem dat die aanklaer alle relevante bewyse voor die hof moet bring ten einde toe te sien dat regverdigheid geskied. Müller en Hollely (2009:04) gaan verder deur daarop te wys dat “the prosecution must prove their case beyond a reasonable doubt”.

Die rol en posvervulling van die staatsaanklaers gaan dus dieselfde bly, selfs in die geval van babaslagoffers van seksuele misbruik. Die voorlegging van sake waar babas die slagoffers is, sal die bewyslas van die aanklaer swaarder maak. Die rede hiervoor is dat babas nie verbale getuienis kan lewer nie. Carstens (2006:187) stem hiermee saam deurdat sy meld: “Child sexual abuse is not easy to prosecute ... as sexual abuse principally occurs in privacy, away from potential witnesses”. Die ondersoeker is daarom van mening dat dit moeilik is om persone wat hulle skuldig maak aan die seksuele misbruik van kinders en babas te vervolg. Die hantering van sake waar die verbale vermoëns van die baba beperk is, bied nog meer uitdagings. Die aanklaer het dus verdere bewyse nodig ten einde die sake van die seksuele misbruik van babas effektief voor die hof te bring.

#### 9.1.1.2 Forensiese maatskaplike werkers

Forensiese maatskaplike werkers in hierdie ondersoek beskryf hul pos soos volg:

- om die kind wat beweerdelik 'n slagoffer van seksuele oortredings is te assesseer om uiteindelik sodoende feite vanaf die kind te bekom vir voorlegging aan die hof;
- om hulp te verleen aan die ondersoekbeampte met die afneem van die kind se verklaring;
- om die forensiese assessering van slagoffers uit te voer, verslae aan die hof te verskaf en as ‘n deskundige getuie op te tree.

Die response van die maatskaplike werkers rondom hul beroep en wat dit behels stem in 'n groot mate ooreen met die algemeen aanvaarbare definisie van forensiese maatskaplike werk. Al drie die maatskaplike werkers maak daarvan melding dat hul 'n diens aan die regsisteem, dus die hof, verskaf. O’Brien en Sullivan (1990:341) omskryf forensiese maatskaplike werk as: *"*pertaining to court and legal proceedings". Weyers (2001) stem hiermee saam deur daarna te verwys as *“*a specialised field of social work practice that is characterised by the social worker’s primary function of providing expert testimony in courts of law”. Forensiese maatskaplike werk word omskryf as “a specialised field of social work that focuses on the interface between society’s legal and human systems and is characterized by the social worker’s primary function of providing expert testimonies in courts of law with the primary client being the judiciary system” (Department of Social Development, 2008:1).

Die GKS-beleidsdokument (FCS Draft Policy Document 2010:14; SA, 2010) dui aan dat wanneer sake na die forensiese maatskaplike werkers verwys moet word mag SAPD forensiese maatskaplike werkers slegs betrokke raak by sake indien:

- ‘n kriminele saak geresisteer is
- op versoek van die Departement Justisie en SAPD ondersoekbeamptes

- take van die forensiese maatskaplike werker behels assessering, die verskaffing van hofverslae en vertolking van ‘n deskundige getuie (geen terapie word gelewer deur forensiese maatskaplike werker)

- deel vorm van ’n span wat fokus op prioriteit misdade teen vroue en kinders

- geen betrokkenheid by private assesserings en egskeidingsake nie (SA, 2010).

Op grond hiervan is die ondersoeker van mening dat maatskaplike werkers wat forensiese maatskaplike assessering in SAPD-konteks doen se take ooreenstem met wat as 'n reël beskou word as die aanvaarbare rol en take van forensiese maatskaplike werkers.

### 9.1.2 Werkservaring

Op ‘n vraag aan die respondente oor hoeveel jaar werkservaring hulle het, is die volgende inligting ontvang:

**TABEL 1: WERKSERVARING VAN RESPONDENTE**

| **Aantal jare** | **f** | **%** |
|---|---|---|
| 5-9 jaar | 1 | 16,67 |
| 10-14 jaar | 3 | 50,00 |
| 15-20 jaar | 2 | 33,33 |
| **N** | **6** | **100** |

Die meerderheid respondente (vyf) soos afgelei uit die bogenoemde tabel, het tussen 10 en 20 jaar ondervinding in hul onderskeie professies as staatsaanklaers en maatskaplike werkers. Al drie die maatskaplike werk-respondente wat forensiese maatskaplike werk beoefen, het vyf jaar ervaring op die terrein van forensiese maatskaplike werk omdat al die respondente sedert 2007 in die SAPD as forensiese maatskaplike werkers aangestel is. Die drie staatsaanklaers het etlike jare ondervinding in die hantering van sake van seksuele misbruik van kinders voor die hof.

Vanuit hierdie gegewens is dit duidelik dat al die respondente dus oor ervaring beskik van die seksuele misbruik van kinders en is daarom in die posisie om 'n bydrae te lewer oor die rol van die forensiese maatskaplike werker in die ondersoek na die seksuele misbruik van babas.

## 9.2 SEKSUELE MISBRUIK VAN BABAS

### 9.2.1 Mening aangaande seksuele misbruik van 'n baba

'n Vraag is aan die respondente gevra oor wat hulle mening is ten opsigte van die seksuele misbruik van babas. Die volgende antwoorde is van die respondente ontvang:

- "Seksuele misbruik van babas is 'n onding en gruwel".
- "Seksuele misbruik van babas moet nie geduld word nie".
- "Seksuele misbruik van babas is die grootste euwel in die gemeenskap tans".
- "Slagoffers van seksuele misbruik word al jonger en hulpbronne is te min om die probleem aan te spreek".
- "Seksuele misbruik van babas is ondenkbaar en afgryslik"
- "Wanneer babas seksueel misbruik word, word die weerloses in die gemeenskap geteiken".

Al die respondente het hulself sterk uitgespreek teen die seksuele misbruik van babas en handhaaf die siening dat dit aangespreek moet word. Thomas (2007:1) noem dat die seksuele misbruik van babas te moeilik is om uit te druk, te analiseer of te verstaan, daarom lei dit tot skokkende koerantopskrifte elke keer as 'n baba seksueel misbruik word. Marchetti-Mercer (2003:6) meld dat die seksuele misbruik van babas diep emosionele reaksie veroorsaak, wat die negatiewe gevoelens wat die seksuele misbruik van babas ontlok, beklemtoon. Posel (2005:248) gee uiting aan die negatiwiteit teenoor seksuele oortredings teen babas wanneer hy meld: "the call for moral regeration galvanized by baby rape, now encompassed the blurring of ... right and wrong across the board ...". Pitcher en Bowley (2000:274) se

opmerking dat baba-verkragting brutaal is, en dat dit blyk dat die voorkoms daarvan toeneem in Suid-Afrika, som die respondente se reaksie op.

### 9.2.2 Beleid aangaande beweringe van seksuele misbruik van babas

Volgens die respondente is die beleid van hulle onderskeie organisasies aangaande die seksuele misbruik van babas die volgende:

### 9.2.3 Die SAPD beleid

Volgens die respondente word daar ten opsigte van genoemde misdaad dieselfde prosedures gevolg as by alle ander seksuele misdade. Die seksuele misbruik van kinders en babas word as hoë prioriteit misdade beskou. Alle aangemelde sake moet ondersoek word. Volgens respondente moet mediese ondersoeke gedoen word, verklarings van betrokkenes bekom word en bewyse vergader word ten einde die saak en ondersoek so spoedig moontlik te finaliseer, sodat dit voor die hof gebring kan word.

Bogenoemde kom ooreen met die prosedures soos uiteengesit in die ‘SAPS National Instruction 3 van 2008 (SA, 2008) wat fokus op die stappe wat geneem word in die geval van seksuele oortredings. Die instruksie bied ‘n oorsig oor die SAPD se verantwoordelikheid vandat die seksuele oortreding aangemeld word, die ondersoek daarvan, asook die hantering van slagoffers en oortreders. Die genoemde instruksie tref nie onderskeid tussen die hantering van sake waar babas en waar kinders die slagoffers is. In hierdie dokument word riglyne gegee ten opsigte van hoe kinder slagoffers hanteer moet word en verklarings vanaf die kind bekom moet word.

#### 9.2.3.1 Die Departement Justisie se beleid

Volgens die respondente geld die volgende:

- die bewyslas van ‘n aangeklaagde se skuld lê by die Staat;
- dieselfde prosedures of stappe word gevolg as by ander sake wat voor die hof gebring word;

- seksuele misbruik is ’n bylae ses misdryf en word beskou as ’n ernstige misdaad.

Volgens Venter (2009) is die staatsaanklaer verantwoordelik daarvoor om die kriminele saak voor die hof te bring of voor te dra namens die staat. Die aanklaer bestudeer die polisiedossier, gee riglyne aan die ondersoekbeampte en moet bewyse voor die hof bring om te staaf dat die beskuldigde wel die misdaad gepleeg het.

Misdade teen kinders word hoofsaaklik by die SAPD rapporteer, waar ‘n dossier geopen word wat verder deur die SAPD ondersoek moet word. In terme van artikel 54 van die Wet op Seksuele Oortredings 32 van 2007 (SA, 2007) het almal die verantwoordelikheid om vermoedens van seksuele misbruik van kinders te rapporteer en die versuim daarvan is ’n oortreding. In hierdie verband beklemtoon Taylor en Thomas (2010:5) die belangrikheid van publieke bewusmaking van seksuele misbruik van babas ten einde die voorkoms daarvan te verminder. Oorkoepelende wetgewing wat ‘n rol speel in die voorkoming en die hantering van die seksuele misbruik van kinders sluit in die Grondwet, Wet op Seksuele Oortreding 32/2007, Children’s Act, 38/2005 en verskeie internasionale konvensies.

Waterhouse (2008:02) maak daarvan melding dat die herstrukturering van die GKS-eenhede van die SAPD ‘n bydrae mag lewer tot die verbetering van die kwaliteit van dienste aan kinders in alle areas. Dit is die mening van die ondersoeker dat die vestiging van die GKS-eenhede in landelike gebiede van die Boland dus wel ‘n rol speel om die ondersoek van seksuele oortredings en bewerings van seksuele misbruik van babas te bespoedig.

Die belangrikheid van ‘n beleid rondom die seksuele misbruik van kinders moet aangespreek word. Alhoewel baie sake van seksuele misbruik by die SAPD rapporteer word en na die hof verwys word vir vervolging, word sake steeds dikwels teruggetrek (Waterhouse 2008:21). Waterhouse wys verder daarop dat die beperkte aantal skuldigbevindings daartoe aanleiding gee dat ’n groot aantal kinderslagoffers nie die nodige geregtigheid ontvang omdat die sake nie vervolg word nie. Volgens Meier (2002:534), word die probleem deur die Suid-Afrikaanse regering erken en word pogings aangewend om die vervolging van sake te verbeter,

maar dit word bemoeilik omdat daar 'n agterstand van een tot twee jaar is. Die totstandkoming van Thuthuzela Sentrums regoor Suid-Afrika vanaf 2002 is een poging waardeur die probleem aangespreek is. Hierdie projek word gelei deur die Seksuele Oortredings en Gemeenskapsake-Eenheid van die Nasionale Vervolgings Gesag en is in vennootskap met verskeie staatsdepartemente. Die projek is geïnisieer as reaksie op die behoefte aan ‘n geïntegreerde strategie om seksuele oortredings te voorkom, te hanteer en om ondersteuning aan slagoffers te bied. Thuthuzela-Care Sentrums in Worcester is een-stop fasiliteite wat dienste aan slagoffers van seksuele oortredings bied (SA, 2012:1). Die Thuthuzela Sentrums word gefasiliteer deur ‘n interdepartementele span wat bestaan uit die departemente van Justisie, Maatskaplike ontwikkeling, Onderwys, SAPD en Gesondheid. Die doel van die sentrums is onder andere:

- die vermindering van sekondêre viktimisasie;
- verbetering van die aantal skuldigbevindings;
- en die vermindering van die tydsduur om sake te finaliseer.

Daar bestaan tans 52 sentrums regoor Suid-Afrika. In die Boland area is daar slegs een Thuthuzela Sentrum naamlik die Worcester Thuthuzela sentrum wat in 2010 tot stand gebring is. ‘n Protokoldokument is in April 2012 deur die rolspelers onderteken. Die oogmerk van die protokol is om effektiewe en koördineerde dienslewering aan die slagoffers te verseker; rolspelers te verbind tot hul verantwoordelikhede; funksies en kern take en om vertroue in die regssisteem en diensverskaffers te verbeter (SA, 2012). Volgens Jewkes en Abrahams (2002:1232) moet daar ondersoek ingestel word na die regsisteem en die polisie, omdat hierdie instellings die mees sigbare rol in gevalle van verkragtings speel. Marchetti-Mercer (2003:11) beklemtoon dat aksies die verbetering van die regsisteem moet insluit sodat voldoende straf toegepas word as afskrikmiddel vir die verkragter. Die totstandkoming van die Thuthuzela Sentrums is dus een manier waarop gepoog word om beperkte skuldigbevindings te verbeter.

Alhoewel daar ’n beleid is vir die hantering van ondersoeke van seksuele oortredings, blyk daar geen spesifieke maatreëls of prosedures te wees vir wanneer

babas die slagoffers is nie. Die respondente noem dat dieselfde prosedures soos met alle ander sake gevolg word.

### 9.2.4 Aantal gevalle van seksuele misbruik van babas hanteer

Die ondersoeker het gepoog om vas te stel hoeveel van die respondente direk betrokke was by gevalle waar babas slagoffers van seksuele misbruik was. Vyf van die respondente was betrokke by sake waar babas van nul tot twee jaar die slagoffers was en een respondent was betrokke by 'n kind van drie jaar oud.

**TABEL 2: OUDERDOM VAN SLAGOFFERS**

| Ouderdomme in jare | f | % |
|---|---|---|
| 0-1 jaar | 1 | 16,67 |
| 1-2 jaar | 2 | 33,33 |
| 2 -3 jaar | 2 | 33,33 |
| 3 jaar | 1 | 16,67 |
| **N** | **6** | **100** |

Al ses respondente was betrokke by gevalle waar die slagoffers drie jaar en jonger was. Een van die respondente het gemeld dat seksuele misbruik van babas in die ouderdomsgroep twee tot drie jaar dikwels aangemeld word.

Vanuit bogenoemde data blyk dit dat die voorkoms van seksuele misbruik van babas nie ongewoon is nie, omdat al die respondente in hul werk as staatsaanklaers en forensiese maatskaplike werkers betrokke was by die hantering van sake van hierdie aard. Dit blyk ook dat die meeste babas wat seksueel misbruik word in die ouderdomsgroep een tot drie jaar is. Die minderheid gevalle is in die nul tot een jaar ouderdomsgroep.

Meier (2002:532) meld dat seksuele geweld teen kinders, asook babas, met 400% toegeneem het gedurende 1990 tot 2000. Die toenemende voorkoms van baba-slagoffers word deur Pitcher en Bowley (2002:274) beklemtoon wanneer hulle verwys na 'n studie in Kaapstad oor 'n periode van nege jaar waar die verkragtings van 10 kinders onder die ouderdom van een jaar beskryf word. Die toename in die

voorkoms van kinder- asook baba-slagoffers van seksuele geweld noodsaak maatreëls vir die hantering van hierdie tipe sake.

### 9.2.5 Aard en uitkomste van die sake waar babas die slagoffers is

#### 9.2.5.1 Aard van aanmeldings

Die vraag is gestel rondom die aard van sake waarby die respondente betrokke was. Die volgende response is gegee:

- Die sake is aangemeld omdat die versorger van die baba vermoed het dat die baba seksueel misbruik word.
- Die sake is aangemeld omdat daar ‘n ooggetuie was wat iets gesien het wat die vermoede van seksuele misbruik laat ontstaan het.
- Sake is aangemeld omdat daar mediese indikators was dat die kind moontlik seksueel misbruik was.

Bogenoemde inligting stem ooreen met Hewitt (1999:16), wat meld dat die seksuele misbruik van babas slegs gerapporteer word in omstandighede soos:

- wanneer die oortreder ‘n bekentenis doen;
- daar ‘n ooggetuie is;
- wanneer sperm teenwoordig is;
- wanneer ‘n seksueel oordraagbare siekte of ‘n mediese besering by die kind gediagnoseer word.

Pitcher en Bowley (2000:274) noem in die verband “...victims of infant rape cannot give verbal testimony or be cross-examined, convictions depend on a clear chain of medical and forensic evidence...”. Vanuit bogenoemde blyk dit dat forensiese inligting van groter belang is, juis as gevolg van die slagoffer se onvermoë om haar/sy weergawe van gebeure te gee.

#### 9.2.5.2 Uitkomste van sake

Volgens die respondente se antwoorde was daar in slegs 30% van die aanmeldings skuldigbevindings en was die sake suksesvol vervolg as gevolg van deurslaggewende mediese bewyse en ooggetuies.

In 70% van die gevalle is die aanmeldings teruggetrek. Die terugtrek van sulke sake was as gevolg van die kind se onvermoë om te vertel wat gebeur het en daar dus nie genoegsame getuienis verkry kon word vir skuldigbevinding nie. Hierdie tendens word deur navorsing gestaaf, hoewel daar nie onderskeid getref word tussen 'n kind en 'n baba nie. Carstens (2006:200) noem dat seksuele oortredings teenoor kinders moeilik is om wetlik te vervolg. Volgens Collings (2007:15) is die rede vir die hoë aantal sake wat teruggetrek word, asook die min vervolgings, dat familielede nie kans sien om voort te gaan met die aanmeld van hierdie sake nie. Volgens die respondente word die volgende struikelblokke ervaar in die suksesvolle vervolging van sake waar babas die slagoffers is:

- die sake word nie onmiddellik aangemeld nie en sodoende gaan belangrike bewyse verlore;
- die gebrek aan opgeleide persone om die ondersoek effektief te loods by die SAPD en ondersoekbeamptes;
- die gebrekkige kommunikasie- en taalvermoëns van slagoffers;
- ondersoekbeamptes van SAPD doen nie 'n deeglike ondersoek nie;
- kollaterale bronne word nie opgevolg om meer inligting van omstandighede rondom gebeure te bekom nie;
- indien die kind nie kan praat nie, word die ondersoek dikwels as afgehandel beskou;
- te veel klem word op mediese bewyse gelê terwyl ander kollaterale bydraes verwerp word;
- vermoede dat seksuele misbruik plaasgevind het en daar selfs 'n ooggetuie was, is nie genoegsaam vir suksesvolle vervolging nie.

Literatuur bevestig die lae voorkoms van skuldigbevindings van seksuele oortredings teen babas en kleuters. Richter (2003:395) meld in dié verband dat in 'n periode van nege maande, gedurende 2001, 19 281 gevalle van kinderverkragtings aangemeld is by die SAPD, slegs 9 450 gevalle (dus 49%) na die hof verwys is en dat daar slegs 2 894 (dus 10%) skuldigbevindings was.

Volgens Richter (2003:298) het die polisie- en die regsisteme leemtes ten opsigte van die ondersoek en vervolging van gevalle van die seksuele misbruik van kinders. Die toename van die verkragting van babas en jong kinders word deur Ellis (2003:59) beklemtoon en verwys hy daarna dat hierdie slagoffers tydens die ondersoek en die hof proses gefaal word. Volgens Oatway (2002:2) sal die spoedige vervolgings help om misdrywe teen kinders te voorkom.

Ewing (2003), soos aangehaal in Richter (2003:298) identifiseer die volgende struikelblokke in die suksesvolle vervolging van sake ten opsigte van die seksuele misbruik van kinders:

- intimidasie van slagoffers deur familielede en die gemeenskap;
- omkoop van versorgers en polisielede;
- vertragingstaktiek deur die prokureur van die verdediging;
- die onvermoë van die jong verkragtingslagoffer om getuienis te lewer en om kruisondervra te word;
- swak polisie- en mediese werk in die kollektering van biologiese bewyse; en
- die gebrek aan ondersoek- en ondersteunende dienste.

Uit bogenoemde blyk dit dus dat dit algemeen aanvaar word dat die suksesvolle vervolging van die seksuele misbruik van kinders en babas veral moeilik is en dat daar vele struikelblokke in die weg daarvan staan. Cox *et al*. (2007:953) verwys na verdere struikelblokke wat in die pad van suksesvolle vervolging staan, naamlik viktimisasie, intimidasie, omkopery en die gebrek aan deurslaggewende bewyse. Volgens Zaal (Burman, 2003:175) is dit noodsaaklik dat alle persone betrokke by sake rakende kinders tydens hofverrigtinge kennis moet dra van die

ontwikkelingstadium van die kind, die taalontwikkeling van die kind, asook aspekte rakende die gedrag van kinders. "Whilst the achievement of a child-appropriate court environment and child-friendly procedures are undoubtedly important objectives, it is also equally necessary that court adjudicators be able to hear, understand and give due weight to exactly what children in court are trying to say. Where adjudicators lack such capabilities, a child friendly environment will be of little use" (Zaal in Burman, 2003:1). Daar is die afgelope paar jaar volgens die Strafproseswet (SA, 1977) verskeie maatreëls in-gestel om die kriminele hof kindervriendelik te maak, byvoorbeeld deur die gebruik van 'n tussenganger en die gebruik van in camera toestelle waarvolgens die kind nie direk met die beskuldigde of die intimiderende hof atmosfeer in kontak kom nie. Genoemde maatreëls verminder geestesspanning en angs by die kind en maak dit moontlik vir die kind om van die intieme detail van die beweerde seksuele oortreding te getuig. Volgens Louw (2001:4) word die kind as bevoeg beskou om te getuig wanneer die kind "oor die nodige kognitiewe vaardighede beskik om 'n gebeurtenis te kan waarneem en dit te kan registreer, oor die nodige geheuevaardighede beskik om hierdie gebeurtenis te onthou, en om gebeure effektief en onafhanklik te kommunikeer". Die baba-slagoffer voldoen nie aan hierdie kriterium nie en sal daarom nie as getuie kan optree nie. Die rolle van die SAPD en Departement van Justisie tydens die ondersoek en voorlegging van hierdie tipe sake is daarom belangrik.

# 10 DIE ROL VAN DIE FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERKER

In hierdie ondersoek was dit een van die doelwitte om die rol van die forensiese maatskaplike werker by rolspelers in die Boland te bepaal. Die respondente is die geleentheid gebied om hulle siening aangaande hierdie saak tydens onderhoudvoering met die ondersoeker te lig.

## 10.1 Betrokkenheid van forensiese maatskaplike werk

Respondente is gevra of baba-slagoffers van seksuele oortredings na forensiese maatskaplike werkers verwys moet word en het soos volg gereageer:

**TABEL 3: BETROKKENHEID VAN FORENSIESE MAATSKAPLIKE WERKERSERS TYDENS SEKSUELE MISBRUIK VAN BABAS**

| Moet sake na forensiese maatskaplike werkers verwys word? | f | % |
|---|---|---|
| Ja | 3 | 50,00 |
| Ja, met voorwaardes | 2 | 33,33 |
| Nee | 1 | 16,67 |
| **N** | **6** | **100** |

Drie van die respondente was van mening dat gevalle waar babas die slagoffers van seksuele misbruik was, wel na forensiese maatskaplike werkers verwys moet word vir evaluering. Redes vir hierdie mening sluit aspekte in soos dat die forensiese maatskaplike werker in staat is om volledige feite te versamel, op meer aspekte te let as die polisie en dat die forensiese maatskaplike werker vanweë sy of haar uitgebreide kennis, nuwe inligting aan die hof kan verskaf. Die respondente verwys ook na die rol wat die forensiese maatskaplike werker in kollaterale ondersoeke kan speel. Twee van die respondente was van mening dat die gevalle na forensiese maatskaplike werkers verwys moet word, op voorwaarde dat hulle oor genoegsame kennis en vaardighede moet beskik. Een van die respondente was van mening dat die sake nie na forensiese maatskaplike werkers verwys moet word nie omdat daar onduidelikheid bestaan oor die rol en funksie van die forensiese maatskaplike werker. Hierdie respondent noem die volgende: *'ek het nie inligting van die vaardighede waaroor forensiese maatskaplike werkers beskik, weet nie mooi wat hulle kan doen. Ek verwys daarom weinig sake na forensiese maatskaplike werkers."*

Fouché (2006:231-238) het 'n raamwerk of werkprotokol aangebied waarbinne die assesseringsproses van die professionele persoon in die ondersoek van seksuele misbruik van kinders moet plaasvind. Aspekte wat deur die respondente uitgelig is, word ook in die genoemde werkprotokol geïdentifiseer:

- assesseringsonderhoude met die kind;

- die formulering en toetsing van hipoteses;
- sessies met ouers of versorgers en ander betekenisvolle sisteme ten einde agtergrondsinligting te bekom;
- kollaterale onderhoude;
- evaluering van inligting wat bekom is;
- literatuur kontrole, besluitneming asook die formulering van ‘n mening en ‘n aanbeveling.

Roos en Voster (2003:2) sluit hierby aan deur te noem dat die professionele deskundige die assessering op ‘n gebalanseerde wyse moet hanteer, informasie moet analiseer, hipoteses moet vorm en dit moet toets teen beskikbare feite. Die einddoel is om ‘n omvattende en sistematiese verslag vir die hof saam te stel. Ten einde bogenoemde take uit te voer, is dit duidelik dat ‘n deskundige getuie oor uitgebreide kennis moet beskik. Black (1979:519) beskryf ŉ deskundige as ŉ persoon wat kennis van ŉ spesialisveld het. Volgens die Strafproseswet 51 van 1977 (SA, 1977) is die doel van die deskundige getuie om die hof behulpsaam te wees en word ‘n persoon as ‘n deskundige aanvaar op grond van kwalifikasie, ondervinding en gespesialiseerde kennis. Schmidt (1993:333) sluit hierby aan deur te verwys na drie vereistes wat noodsaaklik is vir ‘n deskundige getuie, naamlik bevoegdheid in terme van kennis, toepaslike kwalifikasies en die oortuiging van die hof dat die getuie oor die vermoë beskik om die hof toe te spreek oor die betrokke onderwerp. In terme van forensiese maatskaplike werk in die SAPD-konteks behoort die forensiese maatskaplike werker oor kennis te beskik rondom die seksuele misbruik van kinders, kinderontwikkeling en tegnieke om inligting te bekom.

Daar bestaan veral onduidelikheid oor die verskil tussen die rol van die kliniese maatskaplike werker (terapeut) en die rol van die forensiese maatskaplike werker. Kuehnle (1995:32) gee ŉ duidelike uiteensetting van die verskil tussen die rol van die terapeut en die forensiese maatskaplike evalueerder, wat die volgende insluit:

- **Die kliënt** van die terapeut is die kind en sy of haar versorgers, terwyl die kliënt van die forensiese evalueerder die regstelsel is.

- **Die doel** van terapie is om die kind se psigologiese funksionering te verstaan en tydens ‘n forensiese evaluering is dit om ongekontamineerde data te versamel.

- **Die rol** van die terapeutiese evalueerder is dié van advokaat vir die kind terwyl die forensiese evalueerder feite versamel.

- **Die aannames** van terapie is dat inligting verkry van die kind die waarheid is, terwyl verskeie hipoteses aangaande die kind se inligting tydens forensiese evaluasie bestaan.

- **Tegnieke** by terapeutiese evaluering is gerig op die voorsiening van terapie en by forensiese evaluering is dit om feite te verskaf wat in die hof verdedig kan word.

Onduidelikheid oor die rol en funksie van die forensiese maatskaplike werker kan toegeskryf word aan die feit dat forensiese maatskaplike werk nog nie as ‘n spesialiteitsveld erken en omskryf is deur die Suid-Afrikaanse Raad van Maatskaplike Werk en Hulpprofessies (SACSSP) nie. Scheepers (2008:4) beklemtoon dat forensiese maatskaplike werk as ‘n spesialiteitsveld erken en ontwikkel moet word en bevestig dat regulering die professie sal bevorder. Gesien in die lig van die voorafgaande is die registrasie van forensiese maatskaplike werk as spesialiteitsveld noodsaaklik, aangesien dit ook die verwysings na forensiese maatskaplike werk in die ondersoek van die seksuele misbruik van babas mag reguleer.

## 10.2 Rol/Vaardighede van die forensiese maatskaplike werker in terme van die seksuele misbruik van babas

Die respondente gee die volgende antwoorde ten opsigte van die rol wat forensiese maatskaplike werkers in die ondersoek van seksuele misbruik van babas kan speel:

### 10.2.1 Forensiese maatskaplike werkers is "fact-finders"

Die forensiese maatskaplike werker is volgens vyf van die respondente 'n "fact-finder" en moet daarom inligting aan die hof deurgee wat hofprosedures kan bespoedig (Spies & Carstens, 2005:40-41). Een respondent meld dat die forensiese maatskaplike werker "...*daar is om inligting van die kind te bekom en van kollaterale bronne en die feite deurgee aan die hof".* Hierdie siening kom ooreen met literatuur wat die objektiwiteit en die neutraliteit van die forensiese maatskaplike werker beklemtoon. Volgens Fouché (2006:207) moet die professionele persoon wat forensiese assesserings doen, onafhanklik, onpartydig en neutraal wees. Die professionele persoon, dus ook die forensiese maatskaplike werker, se rol is nie om een party te steun nie, maar om objektiewe inligting, gebaseer op feite te versamel (Fouché 2006:208). In die voorsiening van feite en objektiewe inligting aan die hof, kan die forensiese maatskaplike werker die hof bystaan in die besluitnemingsproses. Scheepers (2008:20) vat die rol van die forensiese maatskaplike werker as "fact-finder" (ontdekker van feite) as volg saam: "die forensiese maatskaplike werker moet sy/haar assesseringsproses verdedig in terme van navorsing en bestaande literatuur ... en die feite waarop sy/haar opinie berus moet voldoen aan kriteria, soos vervat in die wet ... hoorsê-inligting is nie 'n grondige basis vir 'n deskundige getuie nie ...".

### 10.2.2 Die forensiese maatskaplike werker doen volledige agtergrondstudie

Die respondente beskou die forensiese maatskaplike werker as ŉ persoon wat ŉ volledige agtergrondstudie kan doen en gesinsdinamika evalueer en interpreteer, veral waar daar vermoed word dat die seksuele misbruik binne die familie plaasvind. Hierdie siening word weerspieël in die volgende responses:

- *"die forensiese maatskaplike werker help met die agtergrond ondersoek";*
- *"maatskaplike werkers verstaan die gesin en hoe hulle funksioneer";*
- *"die forensiese maatskaplike werkers is analities en hulle kan vir die hof background van die kind en die gesin en omgewing gee"*

- *“die forensiese maatskaplike werker voer onderhoude met die gesin, die ouers en kleuterskool onderwysers;*
- *“hulle verstaan familie interaksies”.*

Fouché (2006:234) dui ook aan dat inligting vanaf ander bronne ingesamel moet word nadat die assesserings-onderhoude met die kind plaasgevind het. In terme van die baba-slagoffer, wat verbaal nie by magte is om die misbruik te verwoord nie, sal assesserings-onderhoude nie moontlik wees nie. Die rol wat die forensiese maatskaplike werker kan speel in die verkryging van agtergrondsinligting word daarom nog meer belangrik. Forensiese maatskaplike werkers moet oor kennis beskik ten opsigte van die funksionering van die baba, die gesin en die gemeenskap. Hierdie maatskaplike werkers mag gevra word om onderhouds-inligting te bestudeer asook om ‘n mening te gee wat op wetenskaplike feite gebaseer is. Die definisie van Roberts en Bronwell (1999:360) stem hiermee saam wanneer verwys word na die forensiese maatskaplike werker wat die gereg (dus die hof) moet opvoed oor funksioneringsaspekte van die individu. Volgens Barker (1995:362) moet die deskundige kennis van ‘n spesifieke probleem hê en moet die persoon se vaardighede hoogs ontwikkel wees. Die seksuele misbruik van ’n baba is in die breë ‘n aanduiding van die wanfunksionering van een of meer sisteme. Die wanfunksionering mag byvoorbeeld by die individu, gesin of gemeenskap voorkom. In dié opsig moet die forensiese maatskaplike werker as ‘n deskundige oor kennis beskik van die funksionering van sisteme of tendense in gevalle van kinder misbruik.

Spies (2006:234) verwys na die volgende aspekte wat van belang is tydens agtergrondstudie:

- lewens- en geskiedenisraamwerke met betrekking tot die familie en geskiedenis van die slagoffer;
- die status van die kind met verwysing na sy/haar ontwikkelingsgeskiedenis;
- ontwikkelings-agterstande indien enige en

- enige ander omstandighede wat die ontdekking of die onthulling van seksuele misbruik voorafgegaan het.

### 10.2.3 Die forensiese maatskaplike werker kan 'n verwysingsrol vertolk

Vyf van die respondente het opgemerk dat die forensiese maatskaplike werker ook 'n rol het om die kind te beveilig. Een respondent noem ook dat die forensiese maatskaplike werker "*tydens haar ondersoek mag bewus word dat die kind nie reg versorg word en kan die geval verwys word na eksterne maatskaplike werkers vir 'n kinderhofondersoek".* Hierdie siening sluit aan by Artikel 7 van die Children's Act, 38 van 2005 (SA, 2005) wat handel oor die belang van die kind. Die artikel identifiseer kriteria wat nie noodwendig op die kriminele proses van toepassing is nie. Indien die forensiese maatskaplike werker dus betrokke was by die ondersoek van seksuele misbruik van 'n baba en aspekte identifiseer wat daarop dui dat die baba se veiligheid asook normale groei en ontwikkeling nie op standaard is nie, mag die forensiese maatskaplike werker 'n aanbeveling aan die hof maak dat die geval verwys word vir kinderhof ondersoeke ingevolge Artikel 155 van die Kinderwet 38 van 2005 (SA, 2005).

### 10.2.4 Die forensiese maatskaplike werker speel 'n rol waar die slagoffer verbaal onbevoeg is

Hierdie siening van die respondente hou verband met die mening dat die forensiese maatskaplike werker ten alle tye in die belang van die kind moet optree. Die baba se gebrek aan verbale vaardigheid onthef die forensiese maatskaplike werker nie van 'n plig in die ondersoek na die seksuele misbruik van babas nie. Wanneer daar gelet word op die funksies van die forensiese maatskaplike werker in die Suid-Afrikaanse konteks, word die belangrikheid van verdere of gespesialiseerde opleiding weer duidelik. Weyers (2001:3-6) verwys na verskeie funksies van die forensiese maatskaplike werker wat die volgende insluit:

- om die hof behulpsaam te wees om die psigo-sosiale funksionering te verstaan;
- om inligting aan die hof te gee rondom onder meer menslike gedrag en sosiale probleme;
- om as deskundige getuie op te tree en aanbevelings aan die hof te maak.

Die respondente plaas klem op die rol van die forensiese maatskaplike werkers as deskundiges deur die volgende te meld:

- *" hulle het agtergrond van kinderontwikkeling en kan in die hof van familie dinamika en tendense getuig";*
- *Hulle is deskundiges op die gebied van die gesin en sosiale omstandighede".*

In terme van bogenoemde kan die forensiese maatskaplike werker dus 'n rol speel, selfs wanneer die slagoffer nie verbaal kan kommunikeer nie. Opleiding, en wel deurlopende opleiding, is 'n vereiste om genoemde funksie effektief te vervul.

### 10.2.5 Forensiese maatskaplike werkers moet gespesialiseerde opleiding ontvang

Die siening dat die forensiese maatskaplike werker oor spesialisopleiding moet beskik word deur Kuehnle (1995:27) asook Scheepers (2008:29) gesteun. Hulle dui aan dat forensiese maatskaplike werkers slegs gekwalifiseer kan word deur nagraadse studies of deur geakkrediteerde kursusse van goedgekeurde opleidingsinstansies. Die respondente meld in hierdie verband dat:

- *" 'n gewone maatskaplike werker kan dit nie doen nie. Forensiese maatskaplike werkers het meer kennis."*
- *Alle maatskaplike werkers is nie op dieselfde vlak nie. Opleiding is nodig om forensiese maatskaplike werk te doen".*
- *"Daar moet definitief ekstra opleiding wees".*
- *"Daar moet deurlopende opleiding wees".*

Respondente beklemtoom dus dat basiese maatskaplike werkopleiding nie voldoende sal wees in die ondersoek na die seksuele misbruik van babas nie. Howes (1990:68-69) verwys daarna dat maatskaplike werkers nie oor toepaslike kennis beskik om as deskundige getuies op te tree nie. Gespesialiseerde kennis waaroor forensiese maatskaplike werkers moet beskik in sake van seksuele molestering van die kind, is volgens Smith (2007:28) asook Scheepers (2006:151) onder andere die volgende:

- regskennis (kennis van vonnisoplegging);
- hofprosedures (hoe om vir hofsake voor te berei);
- teenwoordige of afwesige gedragstekens wat as noodsaaklike aanduidings van seksuele misbruik optree;
- moontlike beserings wat die kind tydens seksuele misbruik kon opdoen;
- die langtermyngevolge van seksuele misbruik vir die kind;
- kennis van die volwasse seksoortreder;
- kennis van forensiese maatskaplike werk;
- kennis van wette ((soos die Wet op Seksuele Misdrywe, Wet 23 van 1957 / Seksuele oortredingswet (32 van 2007); strafproseswet, Wet 51 van 1977; die Wet op Films en Publikasies, Wet 65 van 1996; die Egskeidingswet, Wet 70 van 1979; en die Kinderwet, Wet 38 van 2005)).

### 10.2.6 Die forensiese maatskaplike werker tree as deskundige getuie in die hof op

Volgens die respondente moet die forensiese maatskaplike werker as 'n deskundige getuie, feite aan die hof voorsien rondom die seksuele misbruik van die baba.

Een respondent noem dat forensiese maatskaplike werkers: ”... *het agtergrond van kinderontwikkeling en kan in die hof oor familie dinamika en tendense in die familie getuig”.* Die respondent wat nie dink 'n forensiese maatskaplike werker het 'n rol nie is van mening dat onkunde oor hierdie rol die respondent dus nie weet hoe die maatskaplike werker met hul 4 jaar opleiding 'n deskundige getuie kan wees nie.

Volgens Carstens (2006:185) benodig die hof deskundiges wat in die hof kan getuig. Om as deskundige getuie te kan optree “can be a demanding, challenging and exhilarating experience” (Carstens, 2006:185). Om hierdie rede moet forensiese maatskaplike werkers hulself bemagtig om as deskundige getuies in die hof te kan optree. Carstens (2006:188) definieer deskundige getuie as: “one who is knowledgeable in a specialized field, that knowledge being obtained from either

